


Benka jaag die son

Benka Pulko is
die persoon wat
die afgelope
vier jaar 'n
groot deel van
die wêreld met
haar motorfiets
deurkruis het.
En Afrika is die
laaste skof.



BENKA jaag die



DEUR LYDIA VAN DER MERWE
Foto's Phyllis Green en Bernarda Benka Pulko



Benka jaag die son

Die rooi motorfiets was in 'n paar stukke: die voorwiel hier, die stuurstang daar ... Die beampte op die John F. Kennedy-lughawe in New York het die fyn meisiekind voor hom een kyk gegee en skepties gevra: Waar is die werktuigkundige wat dit weer aanmekaar moet sit? En die vragmotor waarmee dit vervoer moet word?

Benka Pulko het haar skouers reguit getrek en geglimlag. Sy gaan self op Rojo, haar BMW F650-motorfiets, klim en wegry, het sy vol selfvertroue geantwoord. (Rojo beteken "rooi kèrel" in Spaans.)

Toe het sy haar moue opgerol, haar rooi gereedskapkissie nader getrek en begin motorfiets aanmekaar sit. Die man en sy kollegas het grootoog staan en kyk.

'n Uur later was al die bagasie op Rojo gelaai. En Benka gereed vir haar groot avontuur: om die kontinente met haar motorfiets te deurkruis. Sy wil haar pad na die *Guinness Book of World Records* oopry. 'n Danige prestasie? Baie motorfietsryers het immers al om die wêreld gereis. Maar niemand het ooit vir die yskoue, winderige Antarktika kans gesien nie. Die onstuitbare Benka het.

Benka – verpleegster, onderwyseres, masseuse, fotograaf en joernalis – het op haar dertigste verjaarsdag twee besluite geneem: sy gaan haar hare laat groei en deur die wêreld reis. Sy het nie 'n motorfiets besit nie. Om die waarheid te sê, sy kon skaars een bestuur.

In die daaropvolgende vyf besige maande het sy borge gewerf en geleer om noodsaaklike herstelwerk aan die motorfiets te doen. Voorheen het sy nie eens geweet hoe 'n sokseleul lyk nie. Tehnounion Avto, BMW-Slowenië, het die motorfiets verskaf. En ook die rooi gereedskapkissie – vroue se gereedskap móét in 'n rooi kisse gehou word, het hulle aangedring. Die einste rooi kisse se inhoud is sedertdien al deur baie mans bewonder.




Benka het haar tuisdorp, Ptujë in Slowenië, op 19 Junie 1997 verlaat. Dit het het begin reën en sy was deurdrenk toe sy by die lughawe aankom. Die bestemming was New York, waar die reis sou begin.

Die motorfiets en bagasie weeg saam sowat 350 kg. Die bagasie bestaan uit min klere, toerusting, noodsaaklike onderdele, kameras en 'n skootrekenaar, waarop sy berigte skryf vir sowat sestien radiostasies en agt koerante. Na sy in Florida, VSA, leer valskerm spring het, is een nou ook deel van haar bagasie.

In September vanjaar, meer as vier jaar nadat haar reis begin het, het Benka in Suid-Afrika aangekom. Afrika, die laaste deel van die reis, lê voor. Haar >

HOOFFOTO REGS Die rigtingwyser by Mount Isa in Australië.

1 Die motorfiets en bagasie weeg saam sowat 350 kg. 2 As 'n mens koud en moeg is, is die enjinkap van 'n motor die toppunt van gasvryheid. 3 In Nepal verkoop sy Sloweense geld as aandenkings aan die inwoners. 4 Die son sak oor Ayer's Rock in Australië. 5 By die grens van Iran, met sluier en al. 6 Die tye dat sy in Indië kon 'afsaal', was hoogtepunte. Die verkeer het haar uitgeput. 7 Benka by 'n groepie kinders in Thailand. 8 'n Kameel is nou wel nie so vinnig soos 'n motorfiets nie ... 9 Sy bad 'n olifant in Sri Lanka.



Benka jaag die son



1 Kambodja oorvol? Wag tot jy in Bangladesj kom! 2 'n Ontspanne oomblik in Indië. 3 Benka by Mandy Haasbroek, wat saam met haar deur dele van Suider-Afrika gaan reis.

<hare hang al in die waai van haar rug en daar is 138 000 km op die motorfiets se afstandmeter.

Sy het afgesaal by Mandy en Elroy Haasbroek, ook BMW-motorfietsgeesdriftiges, in Johannesburg. Mandy gaan saam met haar deur dele van Suider-Afrika toer. (Dit sal die eerste keer op Benka se lang tog wees dat sy nie alleen reis nie.)

Benka het heel eerste die winkels ingevaar en onderklere gekoop. Sy was al heeltemaal in die duister oor watter nommer bra sy nou eindlik dra.

Elke dag is vol hoogte- en laagtepunte. Gisteraand was sy na 'n baldans, uitgevat in 'n (geleende) swart rokkie en 'n paar hoëhakskoene. Vanoggend moes sy ure lank toustaan om visums te kry vir Afrika-lande. Libië het haar reeds toegang geweier. Rojo is boonop by die "dokter". Midway BMW-werktuigkundiges in Midrand, weens probleme met die enjin.

Sy is erg verontwaardig oor sy so moes sukkel om 'n visum vir Suid-Afrika te kry. Sy het navraag gedoen by die SA Hoë Kommissariaat in Islamabad, Pakistan, en is meegedeel dat sy nie 'n visum nodig het nie. Sy het 'n brief geëis waarin dit bevestig word. Nietemin moes sy later by die lughawe in Doebai 'n regsomkeer maak – sy moes toe tog 'n visum hê.

Sy het haar sesuur die oggend voor die SAKonsulaat in Doebai tuisgemaak. Toe dit uiteindelik oopmaak, het sy soveel stof opgeskop dat sy binne 'n uur die gewraakte visum gehad het.

Mense vra of sy nie bang is om vrou-alleen die wêreld op 'n motorfiets aan te durf nie. Sy gebruik haar gesonde verstand, haal sy haar skouers op. En daar is 'n goeie skoot geluk aan haar kant. In Colombia het twee guerrilla-groepe teen regeringstroepe geveg. Die rebelle het die paaie met glasstukke en spykers versper. Benka het daarvoor gejaag en die prys was 'n pap band.

Later is sy, swaargelaaide motorfiets en al, oor die Andes-gebergte se steil passe. Die grens tussen Colombia en Ecuador was gesluit weens die rebelle-aktiwiteite. Sy het dus gidse gehuur om haar deur die berge oor die grens te lei. Die weer was sleg en die "pad" deur bokke uitgetrap. In Ecuador het 'n perd haar afgegooi. Sy het met 'n beseerde rug in die hospitaal beland en moes vyftien steke in haar voorkop kry. Sy kon meer as 'n maand lank nie motorfiets ry nie.

In Suid-Amerika het sy geleer om die panfluit te bespeel. (Sy speel ook kitaar en klavier.) En om Spaans te praat.

Vroeg in 1999 het Benka en haar rooi "kêrel" per skip van Ushuaia, Argentinië, na Antarktika vertrek. Op haar webblad beskryf sy die ervaring só: "Die weer was sleg; ek kon skaars die landingsplek van die skip af sien. 'n Paar minute later het my mooie Rojo hoog in die lug gehang, gereed om op die vasteland neergesit te word. Die spanning het opgebou – al wat ek kon sien, was water en pikkewyne wat oor die ys waggel ... Dit was 'n nat landing, hoofsaaklik weens my tran-

IN THAILAND HET SY SPRINKANE, SKERPPIOENE EN LARWES GEËET

van vreugde. Danksy my pogings het daar 'n motorfiets gestaan waar nog nooit een was nie ..." As herinnering daaraan het sy 'n opgestopte pikkewyn gekoop en hom BMW gedoop.

In Nieu-Seeland het haar rekenaar 'n virus gekry. Om haar senuwees te kalmee, het sy begin brei. Daarna het sy 'n jaar lank deur Australië getoer. Sy het die nuwe millennium in Sydney gevier.

Indonesië, Japan, Thailand, Maleisië, Nepal, Bangladesj ... en Indië. "Die beste deel van Indië was toe ek dit in my truspieëljie in die verte sien verdwyn het ..."

Dis 'n kleurryke land, maar dit het haar gedaan gemaak om daar te bestuur. Die paaie is sleg en jy moet pal uitkyk vir onvoorspelbare vragmotors, bokke, honde, mense, heilige koeie, hoenders, bedelaars ... Jy ry teen 'n slakkepas om 'n ongeluk te vermy, en dit help nie eens nie. Soos toe 'n man met 'n reuse pienk tulband om sy kop, reg voor haar ingeloopt het. Sy het uitgeswaai en in 'n verbygaande motor vasgery. Die man met die tulband het vir haar geglimlag en geskreeu: "No problem, no problem Madam! I'm soooooorry. No problem. All OK!"

'n Indiër het vir haar gesê: "Ek kan nie verstaan waarom enigeen in Indië wil bestuur nie. Jy het óf selfmoordneigings óf jy heg nie veel waarde aan die lewe nie. Indiërs is gawe mense, maar onnosel op die pad."

In Bangladesj is sy oopmond aangestaar. Niemand het aan iets geraak nie, maar honderde oë het haar gevolg. In Kambodja kon mense weer nie hul hande van die vreemde gedaante op die rooi motorfiets afhou nie. Hulle het haar betas asof daar nie 'n mens onder die kleurryke beskermende klere was nie. Ter voorbereiding vir haar tog deur die konserwatieve Moslem-land Iran, en die afgeleë dele van Pakistan, het sy 'n silwer ringetjie gekoop wat sy aan haar trouvinger dra. Sy spot sy is nou met haar rooi "kêrel" getroud.

Haar vriende het gereken sy sal in Iran weens haar uitgesprokenheid in die tronk beland, maar sy het dit as 'n baie vriendelike land beleef. Die inwoners het baklei oor waar sy moes tuisgaan en vir haar lekker kos voorgesit. Later het sy nie eens meer 'n sluier gedra nie, net 'n hoedjie en 'n serp.

Nou lê "donker Afrika" voor. Sy weet sy gaan klippe kou. Volgens motorfietsryers wat pas in Ethiopië was, is kos daar só skaars, jy kan dit nie eens koop nie. "Ons pak vir jou energiestafies in," troos Mandy. Benka lyk nie juis geesdriftig nie.

In Thailand het sy sprinkane, skerpioene en larwes geëet. In Ecuador hamsters en in Brasilië hondevleis. Sy wil mopanie-wurms by dié lysie voeg ...

Intussen geniet sy die luukses van die ontwikkelde wêreld, soos die saligheid van 'n warm bad.

Want sy het 'n belangrike les geleer: om niks as vanselfsprekend te aanvaar nie.

★ Besoek ook Benka se webblad by www.ardi.si/benka